

## HOOFSTUK 7

### ‘N EIETJDSE AMPSBEGRIP

#### 7.1 Inleiding

Die kerk staan voortdurend die uitdaging in die gesig om relevant te bly in ’n wêreld wat voortdurend verander. Dit geld onder andere vir die wyse waarop die kerk die Woord verkondig, oor homself dink, oor die Skrif nadink en daarvoor uitsprake maak, asook nadink oor die amp. Die kerk is dus voortdurend besig om sekere sake te institutionaliseer. Om relevant te bly het die kerk egter nodig om later te de-institutionaliseer en weer te institutionaliseer. Wanneer die kerk opnuut institutionaliseer, wat betref die amp, is die uitdaging om dit te doen in lyn met wat Jesus leer oor diensbaarheid. In die institutionalisering van *charisma* moet die kerk daarmee rekening hou dat hy kerk is in die 21<sup>ste</sup> eeu.

In hierdie hoofstuk word gepoog om na aanleiding van die resultate wat hierdie studie tot dusver opgelewer het, ’n eietydse ampsbegrip daar te stel wat in kontinuïteit staan met die Jesusaak. Jesus se oproep tot dissipelskap word as maatstaf gebruik in hierdie poging om ’n moontlike eietydse ampsbegrip daar te stel.

Gesag en mag, diensbaarheid en institutionalisering word bespreek met verwysing na die beweging rondom Jesus en die vorming van ’n eietydse ampsbegrip.

#### 7.2 Die begroning van ’n ampsbegrip

Die oortuigings van die kerk is blootgestel aan kritiek waarteen die kerk hom moet kan handhaaf. As rede hiervoor kan aangevoer word dat die gebeure rondom die historiese Jesus nie geverifieer of gefalsifiseer kan word bloot deur te redeneer dat dit evangelie is nie. Die kerk moet erken dat die kerk se verkondiging nie bo kritiek verhewe is nie (kyk Crossan 1998:26-29). Dit kan die kerk alleen doen wanneer sy oortuigings en verkondiging steeds gebind is aan die Jesusaak. Die kerk is immers die draer van hierdie boodskap – die enigste boodskap wat die kerk mag verkondig. Die kerk moet kontinuïteit behou met die Jesusaak. Dit veronderstel dat daar ’n saaklike kontinuïteit moet wees tussen die kerk se verkondiging en die historiese Jesus. Die saak waaroor dit vir Jesus gegaan het vorm die grondslag vir die kerk se verkondiging, maar ook vir die kerk se nadenke. Die historiese Jesus, en daarom ook die saak waaroor

dit vir Jesus gegaan het, moet aktueel gemaak word vir vandag. Die waarde van die ondersoek na die historiese Jesus vir die kerk vandag lê ook daarin dat dit kan help om dit wat in die verlede gebeur het te projekteer na die hede en op so 'n wyse antwoorde bied op die kerk se vrae.

Dit gaan in die kerk steeds oor die geloof in die historiese Jesus en in die boodskap wat Hy gepreek het. Die Woord van God dien as die enigste maatstaf wanneer die kerk uitsprake maak. Daarom kan die stelling gemaak word dat Jesus se oproep tot dissipelskap en sy bedoeling daarmee relevant is vir die hedendaagse verstaan en inkleding van die amp. Daar kan dus met stelligheid beweer word dat daar 'n implisiete ampsbegrip teenwoordig is in Jesus se oproep tot dissipelskap (kyk § 2.5).

### 7.2.1 Mag en gesag

In die beweging rondom Jesus het Jesus met gesag opgetree wat die gestalte was van God se gesag (Matt 28:18). Hierdie gesag het Jesus ook aan sy dissipels gegee om mee op te tree (Mark 3:15; Luk 9:1). Alhoewel Jesus hierdie gesag aan die dissipels verleen het, was Hy sterk gekant teen die misbruik van mag en gesag deur mense wanneer ander mense daardeur te na gekom is (Matt 5:3a; 5:24-26; 5:39-40; 5:43-48; 18:23-34; 20:16; 22:1-10; Mark 10:31; 10:42; 12:1-12; Luk 6:20b; 6:27-28; 6:29-30; 12:57-59; 13:30; 15:14-24).<sup>134</sup>

Hierdie stelling word bevestig in Jesus se optrede wanneer Jakobus en Johannes vra of hulle aan Jesus se linker- en regterkant kan sit wanneer Hy as

---

<sup>134</sup> Jesus het geleef in 'n wêreld wat gekenmerk is deur geweld en die misbruik van mag en gesag deur hulle wat in magsposisies gestaan het. Hierdie misbruik van mag het geweld tot gevolg gehad wat deel was van die sosiale orde waarbinne mense in Jesus se tyd geleef het. Voorbeelde van hierdie geweld en magsmisbruik is volop in die Sinoptiese Evangelies. Die volgende kan genoem word: 1) die Fariseërs en Herodiane smee 'n komplot teen Jesus om Hom te vernietig (Mark 12:1-3:5); 2) na Jesus se optrede in die tempel maak die priesterhoofde en skrifgeleerdes ook planne om Hom te vernietig (Mark 11:15-17); 3) die priesterhoofde en skrifgeleerdes stuur Fariseërs en Herodiane om vir Jesus te betrap (Mark 12:13); 4) hulle soek 'n plan om vir Jesus op 'n slinkse manier te gryp en Hom dood te maak (Mark 14:1); 5) Judas is bereid om vir Jesus te verraai en word dan deur die priesterhoofde, familiehoofde en skrifgeleerdes gestuur om in die tuin van Getsemane met stokke en swaarde Jesus gevange te neem (Mark 14:43-46); 6) een van die wat by Jesus was pluk sy swaard uit en kap die oor van die hoëpriester se slaaf af (Mark 14:47); 7) die priesterhoofde poog tydens Jesus se verskyning voor die Joodse Raad om 'n klag teen Hom te kry dat hulle Hom kan doodmaak (Mark 14:53-65); 8) na Jesus se skuldigbevinding het die soldate Hom gespoeg, geklap en Hom met die vuis geslaan (Mark 14:65); 9) ook die skare is gewelddadig en vra dat Barrabas eerder vrygelaat moet word, en wanneer Pilatus dan vra wat hy met Jesus moet doen, hou die skare vol dat Hy gekruisig moet word (Mark 15:6-14); 10) daarna word Jesus oorgegee om gegesel te word (Mark 15:15); en 11) die soldate spot Jesus en slaan Hom herhaaldelik met 'n stok oor die kop (Mark 15:19) (kyk Van Eck 2008b:1735-1738).

koning sal heers (Mark 10:37). Wanneer Jesus hulle antwoord deur te sê dat dit nie Hy is nie, maar God, wat daarvoor besluit, maak Hy dit aan hulle duidelik dat mag en aansien geen plek het in die nuwe huisgesin van God nie. Die belangrikste is om diensbaar te wees en 'n dissipel van Jesus te wees deur jou kruis op te neem, jou self te verloën en vir Jesus te volg.

Jesus se siening van mag en gesag word in die evangelie van Markus beskryf wanneer Markus sy lesers oproep tot dissipelskap. Hy gebruik die dissipels se tekortkominge om sy lesers te wys op die werklike betekenis van dissipelskap, naamlik diensbaarheid teenoor God en teenoor jou naaste deur selfverloëning. Hieruit blyk dit duidelik dat die soeke na mag en aansien nie pas by dissipelskap nie. Dissipelskap sluit ook die bereidwilligheid in om 'n mens se afhanklikheid van God te besef.

### **7.2.2 Diensbaarheid**

Daar is reeds in hierdie studie gewys op die relasie wat bestaan tussen *charisma* en amp (kyk § 5.1.3; 6.1.2.5; 6.2.1). Op grond van hierdie relasie kan aangevoer word dat die ampsdraer nie kan funksioneer indien hy nie die gawe om die amp uit te voer van God ontvang het nie. Ampswerk is gesetel in *charismata* wat God deur sy Gees aan gelowiges gee. Verder kan die opmerking gemaak word dat die amp of ampsdraer nie betekenis opsigself het nie, maar dat betekenis van die amp juis lê in die dienswerk, oftewel ampswerk, wat verrig word. Hierdie gedagte staan ook in kontinuïteit met die Jesusaak deurdat dit vir Jesus nie daarvoor gegaan het dat dit belangrik is om 'n amptelike posisie te beklee nie, maar eerder dat gelowiges diensbaar teenoor God en medemens moet wees. Die dienskarakter van ampswerk wys weg van die amp en ampsdraer, en wys heen na God en medemens aan wie die ampsdraer diensbaar is op grond van die uitoefening sy amp. Dit gaan dus hier onder andere oor selfverloëning (Mark 8:34). Die amp is dus nie 'n abstrakte aangeleentheid nie, maar vind gestalte in diens aan mekaar en aan God.

In die beweging rondom Jesus het die dissipels nie gesagsposies beklee nie. Wat van hulle verwag was, was dissipelskap en diensbaarheid (kyk § 2.4). Hierdie dissipelskap is niks anders as om diensbaar te wees deur selfverloëning, kruis opneem en vir Jesus te volg nie. Daarom is diensbaarheid die wesenlike in die uitoefening van die amp in die kerk vandag.

### 7.2.3 Institusionalisering en struktuur

Wat institusionalisering in die beweging rondom Jesus betref, is die saak reeds in Hoofstuk 2 breedvoerig beredeneer, naamlik dat Jesus geen intensie gehad het om 'n kerk te stig nie. Hy het ook geen kerklike model of kerklike strukture nagelaat met die bedoeling dat dit gebruik moet word vir die kerk wat later gevolg het nie. Jesus het iets anders gedoen as om 'n kerk te stig. Hy het die koninkryk van God verkondig en iets van die koninkryk van God sigbaar gemaak hier op aarde, deur die manier waarop Hy geleef het. Hy was diensbaar en het geleer wat God van mense verwag en hoe om diensbaar te wees in die oë van God; wat nie dieselfde was as diensbaarheid in die oë van die wêreld nie.

Die belangrikste saak waaroor dit vir Jesus gegaan het was dat mense hulle gereed moet maak vir die aanbreek van God se koninkryk (Mark 1:15). Sy prediking was dus eskatologies gerig. Jesus se eskatologiese beskouing, soos wat dit neerslag vind in die Sinoptiese Evangelies moet dadelik gekwalifiseer word, te wete dat Jesus volgens die evangelies 'n etiese eskatologie verkondig het. Hy het nie 'n apokaliptiese eskatologiese verwagting gehad soos wat in sy tyd eie was aan die Jode nie. Strukture en institusionalisering was nie deel gewees van hierdie beskouing nie. Institusionalisering en struktuur het na Jesus se opstanding uit die dood eers gestalte begin gekry. Die kerk het ontstaan op grond van die Paasgebeure. Jesus stig nie die kerk nie, maar op grond van sy dood en opstanding uit die dood ontstaan die kerk.

Jesus se prediking het nie verstar tot 'n leer en verskeie teologiese dogmas nie. Hy het die evangelie verkondig en het dit vir mense konkreet en relevant gemaak in hulle eie leefwêreld. Om werklik 'n dissipel van Jesus te wees het nie beteken dat iemand moet inpas in 'n struktuur of aan sekere toelatingsvereistes moet voldoen nie. Die beweging rondom Jesus was 'n oop beweging en nie eksklusief nie. Die "toelatingsvereiste" om aan hierdie groep te behoort was om die wil van God te doen. Dit maak van mense dissipels, en nie lidmaatskap van 'n sekere organisasie met 'n duidelik geformuleerde doel nie. Jesus het een doel gehad en dit was om die koninkryk van God te verkondig (kyk Van Eck 2009a:466-475).

Na aanleiding van die resultate wat hierdie studie tot dusver opgelewer het, kan die volgende definisie van institusionalisering gegee word:

Institusionalisering vind plaas binne 'n spesifieke sosiale konteks. 'n Bepaalde vorm van gedrag wat gegrond is in *charisma* dien as die impuls wat aanleiding daartoe gee dat 'n bepaalde groep hom afgrens van die res van die samelewing. Hierdie proses gee aan die groep identiteit en help om homself in te rig binne 'n bepaalde struktuur wat die beste daartoe sal bydra vir hierdie groep om effektief te funksioneer. Hierdie institusionalisering en struktuur skep die ruimte waarbinne die groep sy visie en boodskap die beste kan uitleef om sy doel te bereik.

Wanneer die eis van die omstandighede verander, of wanneer die groep sy doel bereik het, is die kans goed dat 'n nuwe visie en doel geformuleer word ten einde aan te pas by die nuwe omstandighede of nuwe eise wat gestel word. Die nuwe visie het tot gevolg dat de-institusionalisering plaasvind. Na aanleiding van die nuwe omstandighede vind daar dan weer institusionalisering plaas.

Institusionalisering kan dus gedefinieer word as die proses waar 'n bepaalde struktuur binne 'n spesifieke sosiale konteks geskep word waarbinne 'n groep sy visie en doel die beste uitleef.

Die proses van institusionalisering, de-institusionalisering en her-institusionalisering vind deurlopend plaas in sosiale groepe. Veranderde sosiale eise van die samelewing en spesifieke kontekste waarbinne groepe hulle visie uitleef, gee aanleiding daartoe dat hierdie proses deurlopend plaasvind. Die skep en wysiging van strukture binne 'n bepaalde groep is deel van die institusionaliseringsproses (kyk Dreyer 2002:625). Die kerk is as groep in die samelewing ook aan hierdie proses blootgestel.

Institusionalisering en strukturering vind dus binne-in die kerk plaas. Hiervan is die Kerkorde 'n goeie voorbeeld omdat die Kerkorde, tipies aan 'n instituut, riglyne neerlê waarbinne die kerk antwoord op sy oproep tot dissipelskap. Die uitdaging lê vir die kerk juis daarin om die *charisma*, waarmee God mense toerus, in so 'n mate te institusionaliseer dat dit konkreet en effektief uiting gee aan dienswerk. Hierdie dienswerk moet ook, telkens wanneer dit geïnstitusionaliseer word, in 'n saaklike kontinuïteit staan met die historiese Jesus. Die saak wat Jesus verkondig het, moet dus die grondslag vorm van die institusionalisering in die kerk vandag.

Dit is uiters belangrik om raak te sien dat dat geen struktuur wat in die kerk gebruik word (Kerkorde, erediensorde, inrigting van kerklike vergaderings, ampstruktuur) presies in die Skrif voorkom soos wat dit in die kerk gebruik word nie. Die strukture in die kerk vandag kan hoogstens afgelei word uit die Skrif en funksioneel geïmplementeer word. Daarom moet die strukture so ingerig wees om die beste uitvoering te gee aan die opdrag tot diens wat ons in die Skrif kry. Verder moet die struktuur wat daargestel word doelmatig wees om te verseker dat die kerk, binne die strukture wat hy daarstel as gevolg van sy institusionalisering, die beste uitdrukking gee aan dienswerk sodat dit op die mees effektiewe manier moontlik gedoen word.

Kerklike strukture is mensgemaakte konstruksies wat gevorm word om in 'n bepaalde tyd en konteks *charisma* te institusionaliseer om op die beste manier moontlik diensbaar te wees in die kerk wat in daardie tyd en konteks sy roeping as kerk van Jesus Christus moet uitleef. Daar moet egter daarteen gewaak word dat hierdie konstruksie nie gemistifiseer word en sodoende tot kanon verhef word nie. Dan word 'n struktuur in stand gehou ten koste van die effektiewe funksionering van dienswerk binne die kerk. Hierdie strukture moet, wanneer die eise van die tyd verander, daarmee tred hou en aanpasbaar wees om na her-institusionalisering weer in so 'n mate geïnstitusionaliseer te word ten einde die beste antwoord te gee aan die eise van die tyd. Dit moet gebeur sonder om die wesenlike van die ampsbegrip weg te gooi, naamlik diensbaarheid.

Wanneer oor institusionalisering gepraat word is dit nodig om 'n paar gevaaropunte van institusionalisering uit te lig. Hierdie gevaaropunte het juis daarmee te make dat institusionalisering tot kanon verhef kan word en die werklike dienswerk wat gedoen moet word as deel van dissipelskap, in die slag bly.

Die eerste gevaar het verband met die misbruik van mag of gesag. Die institusionaliseringsproses het tot gevolg dat daar sekere posisies in die nuwe groep/struktuur is wat gevul moet word. Dit kom voor in die *storming*-fase (struktuurering van die groep) van groeppvorming (kyk § 3.2.2.2). Die hoogste posisie wat gevul moet word het verband met mag en gesag. Die persoon wat hierdie posisie vul sal heel moontlik tweede in bevel van die groep wees en, afgesien van die groepleier, die meeste gesag van al die groepslede hê. Mense

word deel van die groep en streef na die posisies in die groep omdat hulle daarvan oortuig is dat hulleself iets daarby gaan baat.

Die tweede gevaar van institutionalisering is dat kulturele konstrukte in die pad van die visie of doel van die groep kan staan. Kulturele konstrukte beïnvloed mense wat met keuses gekonfronteer word om hierdie keuses te maak. Gewoonlik beteken dit dat mense gedeeltelik of in geheel moet breek met 'n tradisie (kulturele konstruk). 'n Goeie voorbeeld hiervan is Jesus se oproep dat mense Hom moet volg. Wat Jesus vir mense gevra het wat Hom wou volg het ingedruis teen die sosiaal aanvaarbare norm van die tyd. Volgelinge van Jesus moes die bestaande oortuigings rondom die belangrikste sosiale instelling van sy tyd, naamlik die familie, versak en deel word van die nuwe huisgesin van God. Eers wanneer mense bereid was om die kulturele konstruk van die familie uit die weg te ruim, kon hulle Jesus volg en so deel word van die nuwe huisgesin van God.

Eeue-oue kulturele konstrukte word dikwels in stand gehou veral omdat dit geborgenheid aan optrede gee onder die “beskerming” van hierdie konstrukte. Hierdie konstrukte word nie bevraagteken nie omdat dit deel geword het van 'n bepaalde kultuur. Dit gaan later nie meer oor die visie van 'n groep wat nagestreef word nie, maar eerder die instandhouding van hierdie konstrukte en wat hierdie konstrukte van mense vra.

Derdens kan strukture, wat gevorm word as gevolg van institutionalisering, enersyds mense in staat stel om meer effektief te funksioneer en andersyds kan hierdie struktuur uiters beperkend wees. Strukture wat mense beskerm en vir hulle die ruimte skep waarbinne hulle kan leef het tot gevolg dat mense makliker optree en die visie van hulle groep uitleef. Strukture werk egter ook dikwels negatief in op die effektiewe funksionering van sake.

Vierdens kan daarop gewys word dat 'n bepaalde struktuur soms belangriker word as die doel of visie van die groep. Aksies van die groep word gesmoor en die doel van die groep stol in 'n struktuur. In hierdie geval lei institutionalisering tot stagnering terwyl die struktuur ten alle koste in stand gehou word. Die struktuur word gemistifiseer en tot kanon verhef omdat dit geborgenheid gee aan die mense wat binne hierdie struktuur optree en nie wil verander nie.



Alhoewel dit onvermydelik is dat die kerk 'n institusionele karakter vertoon, is die kerk nie 'n statiese instituut nie, maar dinamiese gebeure wat vorm kry as gevolg van institutionalisering. Bloot wanneer reëlins getref word oor onder andere die erediens, barmhartigheidswerk en huisbesoek deur ampsdraers, toon die kerk 'n institusionele sy met 'n eie struktuur.

### **7.3 'n Eietydse ampsbegrip**

Vervolgens word gepoog om 'n paar praktiese riglyne daar te stel vir 'n eietydse ampsbegrip. Dit word gedoen onder die volgende opskrifte: implisiete ampsbegrip; kulturele konstrukte; her-institutionalising, struktuur en orde; funksionele en kontekstuele ampsbegrip; en uitdagings vir die kerk.

#### **7.3.1 Implisiete ampsbegrip**

Geen ampsbegrip word direk teruggevind in die beweging rondom Jesus nie. Op die vraag of daar in Jesus se oproep tot dissipelskap en die inrigting in die beweging rondom Hom wel 'n implisiete ampsbegrip teenwoordig is, kan bevestigend geantwoord. Hierdie implisiete ampsbegrip in Jesus se oproep tot dissipelskap moet as basis dien wanneer die kerk besin oor sy ampsbegrip. 'n Eietydse ampsbegrip behoort dus gevorm te word op die basis wat Jesus gelê het in sy oproep tot dissipelskap.

Hierdie saak kan verder gemotiveer word deur te wys op die kontinuïteit wat bestaan tussen die historiese Jesus en wat daarna gekom het, naamlik die kerk. Hierdie saaklike kontinuïteit met die Jesussaak is geleë in die boodskap wat die kerk verkondig. Die kern van Jesus se boodskap, soos gestel in Markus 1:15, vorm ook die kern in die kerklike verkondiging (kyk § 2.2).

Die reaksie op hierdie boodskap van Jesus lei onder andere tot diensbaarheid teenoor God en teenoor medemens – begrend in Jesus se oproep tot dissipelskap waarvan diensbaarheid die kern vorm. Die positiewe antwoord op Jesus se oproep tot dissipelskap is dus uiters belangrik vir die verstaan van die amp omdat die belangrikste karakter van die amp, naamlik diensbaarheid, daarin vervat is.

Die verhouding tussen Jesus se oproep tot dissipelskap (Mark 8:34) en sy lydensaankondigings (Mark 8:31; 9:31; 10:33-34) lê juis daarin dat wanneer iemand agter Jesus wil aangaan, so 'n persoon in homself moet sterf. Die



dissipels verstaan dit nie en daarom kondig Jesus sy eie dood aan om daardeur vir hulle te wys wat dit werklik beteken om jouself te verloën. Jy self word tweede gestel en ander eerste. Hierdie gedagte behoort 'n belangrike rol te vervul in die verstaan van die amp. Om in jouself te sterf lê die belangrikste van die diensknegkarakter opgesluit. Dit het Jesus ook kom openbaar. Jesus se diensbaarheid het beteken dat Hy sy lewe gegee het vir hulle wat Hom dien. Daarom is die positiewe antwoord op die oproep tot dissipelskap uiters belangrik vir die verstaan van die amp omdat ampswerk niks anders is as dienswerk nie.

Die implisiete ampsbegrip wat teenwoordig is in Jesus se oproep tot dissipelskap moet dus deel uitmaak van die ampsbegrip van die kerk.

### **7.3.2 Institutionalisering, struktuur en orde**

Die struktuur waarbinne 'n groep sy visie uitleef moet bepaal word deur die visie en doel van die groep. Die struktuur moet dus so ingerig word dat dit die groep nie strem nie, maar eerder die ruimte skep waarbinne die visie en doel die beste bevorder kan word. Die visie van die groep oefen dus na my mening die grootste invloed uit op die struktuur. Die struktuur kan nie bepalend wees vir die visie van die groep nie. Indien dit gebeur sou die visie en die strewe om hierdie visie uit te leef gestrem word deur die struktuur. Die struktuur word dan in stand gehou ten koste van die visie en doel van die groep.

Wanneer 'n struktuur nie meer daartoe bydra dat die visie van die groep nagestreef kan word nie en verlamdend inwerk op die groep se aksies, is dit nodig dat 'n nuwe struktuur gevestig word waarbinne die groep se aksies weer momentum kan kry ten einde die doel wat die groep stel, te bereik. Hierdie stelling bevestig weereens die sirkelgang van institutionalisering, de-institutionalising en her-institutionalising.

Bogenoemde is ook op die kerk van toepassing. In die kerk behoort strukture nie in stand gehou word ten koste van die verkondiging van en positiewe antwoord op Jesus se oproep tot dissipelskap nie. Die positiewe antwoord op Jesus se oproep tot dissipelskap moet tot 'n bepaalde struktuur (in elke nuwe konteks) lei. Die gevaar van 'n struktuur kan ook daarin lê dat dit die werk in die groep, en daarom ook die ampswerk in die kerk, versmoor. Terselfdertyd moet die opmerking ook gemaak word dat struktuur nie sonder

meer weggelaat kan word nie omdat dit orde bring. Daar bestaan na my mening 'n fyn balans tussen orde en struktuur. Hierdie balans moet deurgaans gehandhaaf word.

Wanneer *charisma* geïnstitusioneel word ten einde uitvoering te gee aan ampswerk, is dit nie die beste struktuur wat die maatstaf moet bepaal vir institusioneel nie, maar eerder dit wat die Skrif leer. Aan die hand van die resultate wat hierdie studie opgelewer het kan die stelling gemaak word dat Jesus se oproep tot dissipelskap en diensbaarheid, as deel van dissipelskap, behoort te bepaal hoe die struktuur gaan lyk. Die struktuur moet momentum gee aan dienswerk en dit nie smoor nie.

In hierdie verband kan byvoorbeeld verwys word na die ampswerk van diakens. Alhoewel die Kerkorde van die NHKA die ampswerk van die diaken beskryf deur in die besonder te verwys na barmhartigheidswerk, kan die vraag tereg gevra word hoeveel diakens in die Kerk wel barmhartigheidswerk doen en hoeveel diakens se ampswerk nie bloot verskraal geraak het tot 'n kollektant wat die maandelikse offergawes insamel nie. In die meeste gevalle tree diakens bloot as kollektant op wat betyds elke maand die offergawes wat ingesamel is moet afdra omdat die gemeente die fondse nodig het om bedryfsuitgawes te dek. Hieruit is dit duidelik dat die diaken dus verantwoordelik is vir die insameling van offergawes om die gemeente in stand te hou. Wat het geword van 'n diaken wat aalmoese insamel om aan behoeftiges te gee en hierdie behoeftiges te troos en bemoedig uit die Skrif? So word geantwoord op die barmhartigheidsoopdrag aan die kerk. Die aanvanklike bedoeling met die instelling van die diakensamp (Hand 6:1-4) was dat daar mense in die kerk was wat hulleself kon toespits op die versorging van die armes.

As daar in een gemeente byvoorbeeld ses diakens is wat deel uitmaak van 'n liggaam soos die Diakonale Dienskomitee en op hierdie manier toesien dat barmhartigheidswerk in die gemeente en gemeenskap gedoen word, antwoord die kerk korrek op Jesus se oproep tot dissipelskap om diensbaar te wees aan God en aan die wêreld. Die kerkraad wat verantwoordelik is vir die instandhouding van die gemeente (NHKA Kerkorde, Ordinansie 3.3.2 (ii), (ix), (xvii)) kan toesien dat metodes in plek gestel word waarvolgens lidmate self hulle offergawes kan bring.

Die werk van die ouderling vind neerslag in 'n amp wat die opsig uitoefen oor lidmate en ander ampsdraers. Daarom is dit belangrik om nie slegs die opsigtaak van die ouderling uit te lig nie, maar dat ouderlinge ook daarvan kennis neem dat daar 'n pastorale sy aan die ampswerk van ouderlinge verbonde is. Dit is ook die verantwoordelikheid van die ouderling om lidmate te vertroos en te verseker van God se genade en bystand.

Daar moet daarteen gewaak word dat gebruike van die verlede tot kanon verhef word en dienswerk smoor. Institusionalisering en strukturering moet van so aard wees dat wanneer dit nie meer effektief uiting gee aan dienswerk nie, dit geëvalueer word en indien nodig, gede-institusionaliseer en later weer her-institusionaliseer word. Institusionalisering mag nie stagnering beteken nie. Institusionalisering moet verstaan word as die aanpas van strukture vir effektiewe dienswerk. In hierdie aanpassing is dit nie nodig om die essensie van die saak waaroor dit vir Jesus gegaan het, naamlik diensbaarheid teenoor God en medemens, in die slag te laat bly nie.

Die kerk se antwoord op dienswerk lê nie in die instandhouding van strukture nie, maar eerder in die navolging van Jesus Christus as deel van dissipelskap. Om antwoord te gee op Jesus se oproep tot dissipelskap, en so gestalte te gee aan dienswerk, het struktuur definitief 'n plek. Struktuur help om orde te skep binne 'n instituut, wat in hierdie geval die kerk is.

Die institusionalisering van *charisma* is nie iets wat in die lug ronddryf nie. Dit kry gestalte in die kerk se ampswerk, en word gebou op Jesus se oproep tot dissipelskap. Sodra ons met institusionalisering in die kerk te make het, word 'n kerkraad gevorm wat bestaan uit die predikant, ouderlinge en diakens. Na aanleiding van die visie van die kerk, naamlik om as dissipels diensbaar te wees in en aan die wêreld en aan God, neem die kerkraad leiding. Die kerkraad moet dus voortdurend, op grond van Jesus se oproep tot dissipelskap, die rigting aanwys waarin die gemeente beweeg.

Daarom is dit van die uiterste belang dat ampswerk in die kerk nie stagneer as gevolg van institusionalisering nie.

### **7.3.3 Funksioneel en kontekstueel**

Omdat institusionalisering van *charisma* beteken dat die ampsbegrip in 'n struktuur ingebed is, bestaan die moontlikheid dat ampswerk kan stol in hierdie

struktuur. Die kerk is nie staties nie, maar dinamies. Daarom kan ampswerk ook nie staties wees nie; dit moet dinamies en diensbaar in elke situasie wees. Om hierdie rede kan die stelling gemaak word dat die amp funksioneel moet wees.

’n Funksionele ampsbegrip dui daarop dat die ampswerk wat gedoen word, op grond van institusionalisering van sekere *charismata*, die middelpunt bly en dat die amp of ampsdraer self nie verhef word tot ’n middel waarsonder die kerk nie kan bestaan nie. God hou die kerk in stand deur dienswerk wat in die kerk verrig word. Hierdie dienswerk word begroond in die *charismata* wat God deur sy Gees aan gelowiges gee. Hierdie *charismata* word geïnstusionaliseer en vind dan gestalte in die amp en ampsdraers. Die funksionele karakter van die amp verhoed dat klem geplaas word op die amp en ampsdraers self, maar eerder op die ampswerk, oftewel dienswerk wat in die kerk verrig word.<sup>135</sup>

Afgesien van die funksionele karakter van die amp, is dit noodsaaklik dat die amp ook ’n kontekstuele karakter sal toon. Institusionalisering van *charisma* vind nie plaas in ’n lugleegte nie, maar in ’n sekere konteks binne die leefwêreld van die kerk. Die plek waar die kerk diensbaar moet wees en die evangelie moet laat hoor is die wêreld. Daarom is dit noodsaaklik dat die kerk ook relevant moet wees in die wêreld waarin hy diensbaar is. Indien die kerk nalaat om te verseker dat hy in pas is met die wêreld waarin hy leef, raak die kerk al verder verwyderd uit die wêreld teenoor wie hy die evangelie verkondig en diensbaar moet wees.

Hierdie stelling kan egter nie ongekwalfiseer gemaak word nie. Terselfdertyd moet ook gesê word dat die kerk anders is as die wêreld en nie die wêreld kan gebruik as maatstaf vir hoe hy oor homself dink nie. Die Skrif as *norma normans* vorm steeds die maatstaf wanneer die kerk oor homself en sy werk hier op aarde nadink. Dit geld ook vir die ampsbegrip.

---

<sup>135</sup> Van Eck (1991:672-675) voer die argument dat die term *presbu/teroj* dui op die sosiale rol van die familihoof in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld. Verder voer Van Eck (1991:675-679; 680) aan dat vier ander terme naamlik *poimh/n*, *proi!sta/menoi*, *oi(kono/moj* en *e)pisko/poj* verwys na funksies en rolle van die familiehoof in die huishouding. Daar word ook aangetoon dat die vier begrippe wat hier genoem is telkens in verband gebring word met die sogenaamde ‘amppte’ in die Nuwe Testament.

Indien die kerk nie meer in staat is om die amp, soos wat dit in 'n sekere situasie ingerig is, uit te voer nie, is dit noodsaaklik dat die manier waarop ampswerk gedoen word aangepas sal word binne die nuwe konteks.

Die Skrif as *norma normans* vorm steeds vir die kerk die maatstaf wanneer hierdie aanpassing, of te wel institusionalisering, gedoen word. Die rede hiervoor is dat diens aan die Woord steeds die grense bly waarbinne die kerk homself inrig in en diensbaar teenoor die wêreld is.

Hierdie studie is van oordeel dat daar 'n saaklike kontinuïteit bestaan tussen die gedagte wat hierbo genoem is en Jesus se oproep tot dissipelskap. Hierdie saaklike kontinuïteit is geleë in die feit dat Jesus se oproep tot dissipelskap wegwys van die mens en wys na diens teenoor God en jou naaste. Hierdie wegwys van jouself af lê in die feit dat Jesus se oproep tot dissipelskap beteken het dat mense hulleself verloën en hulle familie wat die belangrikste sosiale instelling van die tyd was versaak en deel word van God se huisgesin. Hierdie agterlaat van die familie het die saak van eer en skande aan die orde gebring. Eer is dus, na aanleiding van dit wat sosiaal aanvaarbaar was, uit eie wil weggee. In die plek van hierdie eer kom skande in die oë van die samelewing. Selfverloëning en kruis opneem is dus deel van die navolging van Jesus.

Dit gaan dus eerder oor die diens wat mense lewer as om 'n sekere posisie binne 'n struktuur te beklee. Die punt waarom die institusionalisering van *charisma* draai is dus nie die belangrikheid van 'n amptelike posisie in die kerk of sekere mense wat ampsdraers is nie. Die middelpunt is die ampswerk wat gedoen word – wat niks anders as diens beteken nie. Ampsdraers en die amp opsigself kan dus nie bestaan sonder ampswerk nie. Die kerk is nie afhanklik van die amp of ampsdraers nie, maar van ampswerk wat op grond van *charismata* wat God aan gelowiges gee gedoen word. Die institusionalisering van hierdie *charismata* moet in so 'n mate gedoen word dat dit die beste uiting gee aan Jesus se oproep tot dissipelskap, wat in effek diens in die kerk en in die wêreld beteken.

Amp, struktuur en institusionalisering is drie sake wat nie van mekaar losgemaak kan word nie. *Charisma* behoort funksioneel en kontekstueel geïnstusionaliseer te word. Dit lei tot diensbaarheid waardeur God self sy kerk in stand hou. Die uitdaging vir die kerk is om daarteen te waak dat die

institusionalisering van *charisma* nie lei tot 'n institusionalisme en strukturalisme wat tot kanon verhef word nie.

#### 7.3.4 Uitdaging vir die kerk

Vaste gewoontes in die uitvoering van ampspligte, soos tradisioneel deur die kerk verstaan, lei tot 'n vaste patroon waarop ampswerk verrig word. Hierdie vaste patrone bepaal in 'n groot mate hoe die institusionalisering van *charisma* in die kerk plaasvind en wat van ampsdraers verwag word hoe om hulle ampswerk te doen. Hier kan weereens verwys word na die voorbeeld van vroeër oor wat primêr die ampswerk van diakens is (kyk § 7.3.2).

Wanneer in gedagte gehou word dat die diaken se primêre taak barmhartigheidswerk is en die insameling van aalmoese vir hulpbehoewende lidmate, kan die vraag tereg gevra word tot watter mate die primêre opdrag aan die diaken gestalte kry wanneer diakens verantwoordelik gemaak word vir die insameling van offergawes om in bedryfsuitgawes van gemeentes te voorsien.

Wat betref die ampswerk van ouderlinge word die pastorale gedeelte van ouderlinge se dienswerk dikwels oorskadu deur die opsig wat hulle moet uitoefen. Hierdie stelling kan bevestig word in die feit dat die ampswerk van ouderling in baie gevalle niks anders is as om lidmate voor nagmaal te besoek en hulle tydens hierdie besoek uit te nooi na die nagmaal en ook seker te maak of hierdie lidmate se gedrag van so aard is dat hulle wel nagmaal mag gebruik.

Om huisgodsdienst te hou vir huisgesinne tydens huisbesoek word dikwels beperk tot die amp van ouderling. Is bemoediging en troos uit die Skrif nie ook deel van barmhartigheid wat juis die opdrag van die diaken is nie? Daarom staan dit die diaken ook vry om tydens sy besoek aan 'n gesin wat nood beleef, hulle te troos en te bemoedig uit die Skrif.

Kulturele konstrukte, soos hierbo genoem, het in 'n groot mate die ampsbegrip van die kerk begin bepaal. Hierdie konstrukte word verhef tot "kanon" en dan bestaan die gevaar dat die kerk maklik kan vasval in institusionalisme.

Daar bestaan verskeie maniere waarop her-institusionalisering kan plaasvind ten einde ampswerk meer effektief te maak sonder om die wese waaroor dit gaan te verloor.

Die uitdaging vir die kerk lê dus daarin om “nuwe uitvindings” wat ampswerk meer effektief sal maak, te implementeer sonder om af te wyk van die werklike betekenis van die bedoeling van die amp, naamlik diensbaarheid.

#### 7.4 Samevatting

Indien dit die gewaarwording is dat ampswerk nie effektief funksioneer, of in kontinuïteit met die Jesus-saak funksioneer binne die strukture van die kerk nie, is dit nodig dat die strukture en riglyne hersien word ten einde 'n struktuur daar te stel waarbinne ampswerk weer effektief sal wees. Die volgende twee sake kan genoem word as relevant in die kerk se herbesinning en her-institusionalisering van *charisma* of ampswerk effektief is en in kontinuïteit staan met die saak waaroor dit vir Jesus gegaan het, naamlik *dissipelskap* (diens).

Die eerste saak is die omstandighede waarbinne die kerk werk. Hierdie omstandighede, wat grotendeels deur die samelewing bepaal word, skep vir die kerk die uitdaging om steeds in hierdie veranderde wêreld die evangelie relevant te bly maak. Dit vind ook neerslag in die ampsbegrip. Die omstandighede waarbinne ampswerk vandag gestalte vind, verskil van die verlede.

In pas met nuwe omstandighede moet die kerk die uitdaging aanvaar om *charisma* soos geïnstusionaliseer om in te pas in die verlede, te deïnstusionaliseer. Op grond van die omstandighede vandag word hierdie *charisma* in saaklike kontinuïteit met die Jesus-saak her-institusionaliseer ten einde die beste te antwoord op Jesus se oproep tot dissipelskap wat die wese van die ampsbegrip vorm. Malina (1995:100) se stelling oor die situasie van groepvorming kan hier ook op die her-institusionalisering van *charisma* van toepassing gemaak word: “The formation of any group [asook herbesinning oor byvoorbeeld die amp - RJJ] is always rooted in some persons desire for change perceived as feasible due to presence of conditions favourable for change.”

Die tweede saak is die kulturele konteks waarbinne die kerk staan en waaruit hy kom. Omstandighede motiveer mense om te herbesin oor verskeie sake. Kulturele omstandighede en agtergrond is deel van elke persoon. Hierdie omstandighede en agtergrond word saamgevat in tradisie. Onder hierdie tradisie resorteer onder andere godsdiens, kerkbegrip en ook ampsbegrip.



Verskillende interpretasies van tradisie sal verskillende visies van byvoorbeeld 'n ampsbegrip tot gevolg hê. Wanneer 'n nuwe beskouing oor byvoorbeeld die amp geformuleer word, kan dit gebeur dat nie al die lede van 'n groep, wat in hierdie geval die NHKA is, daarmee assosieer nie. Daarom moet die begroning van die nuwe ampsbegrip van so aard wees dat lidmate en ampsdraers van die Kerk hulle daarmee kan assosieer. Die belangrikste is dat hierdie “nuwe” ampsbegrip in kontinuïteit moet staan met die Jesus-saak en moet inpas in die omstandighede waarin die kerk hom vandag bevind. So sal die ampsbegrip van die kerk relevant wees en in 'n wêreld anders as dié waarin Jesus mense opgeroep het tot dissipelskap. Gelowiges sal steeds in die “nuwe” omstandighede as dissipels van Jesus ampswerk kan doen.

As kerk van die Reformasie kan die kerk nie daarvan loskom om homself, wat ampsbegrip insluit, te meet aan die Jesus-saak nie. Indien dit sou beteken om aan te pas, of enige siening van die kerk te hervorm, dan behoort dit gedoen te word.

## HOOFSTUK 8

### SLOTOPMERKINGS

Hierdie studie het ten doel gehad om die ampsbegrip van die NHKA te meet aan die “amp” of te wel bediening in die Nuwe Testament, en meer spesifiek Jesus se oproep tot dissipelskap in Markus 8:34. Daar is aangetoon dat die historiese Jesus steeds relevant is vir kerklike teologie in die opsig dat daar ’n saaklike kontinuïteit bestaan tussen die historiese Jesus en die kerk van vandag. Die slotsom waartoe gekom is, is dat daar in Jesus se oproep tot dissipelskap in Markus 8:34 ’n implisiete ampsbegrip teenwoordig is waarvan diensbaarheid op grond van selfverloëning, kruis opneem en navolging, die essensie vorm.

Omdat die kerk bestaan uit ’n groep gelowiges en daar in die kerk ook leiding gegee moet word, is ook aandag gegee aan leierskap en die vorming van kleingroepe soos gesien vanuit die sosiale wetenskappe. As verdere rede hiervoor kan aangevoer word dat groeppvorming een van die belangrikste eienskappe is van institusionalisering.

Die resultate van hierdie gedeelte is toegepas op die beweging rondom Jesus ten einde te sien hoe *charisma* en institusionalisering daarvan in die beweging rondom Jesus gefunksioneer het. Verder is ook gekyk na groepsdinamiek in die beweging rondom Jesus op grond van die funksionering van *charisma* in hierdie groep.

Vervolgens is daar gewys op die rol wat institusionalisering van *charisma* gespeel het in die Pauliniese-, deuteropauliniese- en Pastorale Briewe. Kontinuïteit tussen die vroeë kerk en die Jesussaak is ook onder die soeklig geplaas.

Omdat die ampsbegrip van die NHKA onder andere baie sterk steun op die denke die reformatore soos Calvyn, is Calvyn se ampsbegrip asook die invloed van ander Reformatore se denke op dié van Calvyn, aan die orde gestel.

Vervolgens word opsommend ’n paar opmerkings gemaak oor die ampsbegrip van die NHKA soos verwoord in sy Kerkorde en bevestigingsformuliere. Die gedagte is dat hierdie opmerkings vir die NHKA as

riglyn kan dien vir die vorming van 'n eietydse ampsbegrip. Dit word gedoen op grond van die resultate wat hierdie studie opgelewer het ten opsigte van Jesus se oproep tot dissipelskap sodat die NHKA sy dienswerk kan verrig ooreenkomstig die Woord van God in 'n wêreld wat totaal en anders lyk as dié waarin Jesus geleef en die kerk ontstaan het.

Omdat institusionalisering en de-institusionalisering 'n deurlopende proses is, word ook gepoog om aan die Kerk riglyne te gee wat van hulp kan wees in hierdie proses. Dit word gedoen aan die hand van twee navorsingsgapings wat geïdentifiseer is, naamlik dat die ampsbegrip van die kerk grotendeels steun op dit wat implisiet oor die amp gesê word in die deuterio-Pauliniese en Pastorale briewe, asook op die gedagtes van Calvyn en teoloë soos Noordmans en Van Ruler (kyk §1.3). Daarom is ondersoek ingestel na die vraag of daar in Jesus se oproep tot dissipelskap 'n implisiete ampsbegrip teenwoordig is wat vir Kerk van waarde kan wees wanneer institusionalisering en de-institusionalisering van *charisma* plaasvind ten einde die amp die beste in te rig in die omstandighede waarin die kerk aan sy roeping moet antwoord.

In Jesus se oproep tot dissipelskap bestaan daar 'n implisiete ampsbegrip wat as fondament moet dien waarop die kerk sy ampsbegrip bou (kyk § 2.5). Die wesenlik van hierdie implisiete ampsbegrip is diensbaarheid teenoor God en teenoor medemens. Hierdie implisiete ampsbegrip moet neerslag vind in hoe die kerk sy ampsbegrip verwoord en dienswerk in die kerk inrig. Die boodskap wat die kerk verkondig staan in 'n saaklike kontinuïteit met die Jesus-saak (kyk § 2.1). Daarom moet ook die ampsbegrip van die Kerk in kontinuïteit staan met die Jesus-saak. Hierdie kontinuïteit word teruggevind in Jesus se oproep tot dissipelskap waarvan die kern diens beteken.

Die ampswerk word begrend in *charismata* wat God deur sy Gees aan mense gee. Hierdie *charismata* vorm die basis op grond waarvan dienswerk gedoen word. 'n Onafwendbare proses wat deurgaans in enige groep, ook in die kerk wat 'n groep gelowiges is plaasvind, is institusionalisering, de-institusionalisering en her-institusionalisering.

Hierdie proses het tot gevolg dat strukture geskep word waarbinne institusionalisering plaasvind en waarbinne die ampswerk van die kerk gestalte kry. Belangrik is om deurgaans in gedagte te hou dat hierdie strukture nie tot

kanon verhef word nie, maar dat dit slegs dien as middel tot 'n doel. Daarom is strukture veranderbaar wanneer de-institusionalisering en her-institusionalisering plaasvind ten einde ampswerk effektief in die kerk te doen.

Tradisie speel 'n belangrike rol in die kerk se denke oor homself. Net soos wat strukture nie verhef word tot kanon nie, moet daar ook daarteen gewaak word dat dit nie met tradisie ook die geval sal wees nie. Tradisie het egter 'n plek omdat daar iets in kan wees wat aan die kerk rigting gee. Tradisie is egter altyd sekondêr omdat die Skrif as *norma normans* die enigste maatstaf in die kerk is.

'n Eietydse ampsbegrip moet in kontinuïteit staan met die Jesus-saak. Indien dissipelskap, of te wel diensbaarheid, nie die wesenlik van ampswerk uitmaak nie, is dit nie dienswerk soos wat die bedoeling daarvan gevind word in die implisiete ampsbegrip wat lê in Jesus se oproep tot dissipelskap nie.

Die resultate van hierdie studie help om die volgende konklusies te maak oor die ampsbegrip van die NHKA:

- Die wesenlik van die ampsbegrip van die NHKA is diensbaarheid. Dit is duidelik uit die bevestigingsformulier vir ouderlinge en diakens en in die Kerkorde (kyk § 6.2.3; 6.2.3.1; 6.2.3.2). Op grond hiervan kan die stelling gemaak word dat daar 'n saaklike kontinuïteit bestaan tussen die ampsbegrip van die NHKA en die Jesus-saak. Uit die formulier blyk dit duidelik dat die oorwegende klem oor die herkoms van die amp setel in die deuteropauliniese en Pastorale briewe. In die hierdie korpusse bestaan reeds 'n vroeë katholicisme (Käsemann 1960a:214-223; Luz 1974:99). Die herkoms van die amp kan verder teruggevoer word na die beweging rondom Jesus. Wanneer die kerk sy ampsbegrip verwoord in die bevestigingsformulier is dit nodig dat die kerk meer aandag sal gee aan Jesus se oproep tot dissipelskap, omdat dit die wese vorm van ampswerk.
- Verskeie kulturele konstrukke het in die verlede bygedra tot die vorming van die NHKA se ampsbegrip en het ook bepaal hoe die praktiese inkleding van die amp lyk, of te wel die strukture bepaal waarbinne ampswerk gestalte gekry het.

Bestaande kulturele konstrukte in die NHKA word duidelik sigbaar wanneer die ampswerk van diaken neergelê word as 'n ampsdraer wat offergawes insamel waaruit die gemeente in stand gehou word. In die NHKA is dit waar die oorwegende klem lê wat betref die ampswerk van diakens. Min diakens weet dat die middelpunt van diakenswerk barmhartigheidswerk is. In baie gevalle het die ampswerk van diakens verskraal tot blote kollektante. Deel van die rede hiervoor is omdat die kulturele konstruk bestaan dat dit is hoe diakenswerk in die verlede ingerig is – “dit is wat 'n diaken doen”.. Hierdie konstruk is gemistifiseer en diakens glo dat dit hulle werk is om offergawes in te samel. Die belangrikste werk van diakens is egter diens by die Nagmaaltafel, barmhartigheidswerk en die insamel van aalmoese waarmee behoeftiges binne en buite die gemeente versorg word.

Ook die Kerkorde kan in 'n sekere sin gesien word as kulturele konstruk wat tot kanon verhef word. Dit gebeur wanneer die Kerkorde benader word as 'n wet wat daargestel is om sake in die kerk te reël. Dit moet egter nooit buite rekening gelaat word dat die gebruik van die Kerkorde 'n sekere hermeneutiek vra waarvolgens dit geïnterpreteer word nie. Die Kerkorde is veranderlik en dien nie as wet waarvolgens die Kerk leef nie. Die pligte van ampsdraers, soos dit in die Kerkorde voorkom, is afgelei uit die Skrif. In die Kerkorde, net soos in die formuliere vir die bevestiging van ampsdraers, word praktiese riglyne gegee hoe om ampswerk in te rig volgens die Skrif. Hier is dus duidelik sprake van die institutionalisering van *charisma*. 'n Verder kulturele konstruk waarop gewys kan word is die ampswerk van ouderling. Die ampswerk van ouderling het in baie gevalle verskraal tot 'n ampsdraer wat lidmate voor nagmaal besoek en oproep na die nagmaal. As deel van hierdie oproep is dit die ouderling se taak om toe te sien dat lidmate se geestelike lewe in orde is om deel te neem aan die nagmaal. Hier word oorwegend klem gelê op die opsigtaak van die ouderling en die pastorale verantwoordelikheid wat ouderlinge teenoor lidmate het bly in die slag. Calvyn het die gebruik ingestel dat ouderlinge lidmate voor elke nagmaal besoek en oproep na die nagmaal. Die rede daarvoor was dat daar baie lidmate was wat vroeër in die Roomse kerk was en nou Protestante

geword het. Ouderlinge moes toesien dat hierdie lidmate nie teruggaan na die Roomse kerk toe nie, en daarom is hulle besoek voor nagmaal en opgeroep om die viering van die nagmaal by te woon. Die logiese vraag wat hieruit voortvloei is of die kerk nog vandag in dieselfde konteks leef. Indien die antwoord negatief is, beteken dit logies dat daar weer oor hierdie gebruik, wat betref die amp van die ouderling, nagedink sal word. Alhoewel die opsigtaak van die ouderling nie agterweë gelaat kan word nie, moet die vraag gevra word of die pastorale werk van die ouderling nie in die slag bly nie. Hier kan weer verwys word na die stelling van Noordmans (1984:447) wat uiters relevant is: “De ouderling is dan ook, als hij zijn ambt goed waarneemt, niet een belijdenisboeman, wat hij kan worden als hij tot bestuurslid in de kerkraad ontaard.”

- Calvin se beskouing van die amp is steeds vandag vir die kerk van groot waarde wanneer die kerk ‘n eietydse ampsbegrip wil vorm. Al was die omstandighede en die kerk in Calvin se tyd anders as die waarin die kerk vandag leef, is dit wat vir Calvin wesenlik was van die amp steeds van toepassing vandag. Calvin se ampsbegrip kan nie sonder meer van die tafel afgevee word nie. Dit sou beteken om die baba saam met die badwater uit te gooi. Calvin wys op twee sake wat steeds uiters belangrike is vir die verstaan van die amp. Eerstens wys hy daarop dat die amp nie kan verstar tot iets konkreet of ‘n posisie in die kerk nie. Die amp moet funksioneel verstaan word in die opsig dat die klem op ampswerk val en nie op die amp opsigself nie. Om te verhoed dat die amp verhef word ten koste van ampswerk en diensbaarheid, moet die amp dus funksioneel wees. Tweedens is Calvin van mening dat die amp ook kontekstueel moet wees. Ampswerk geskied nie in ‘n lugleegte nie, maar binne ‘n bepaalde konteks van kerkwees. Wanneer ampswerk op grond van institutionalisering nie meer vlot verloop of die doel bereik waarvoor die amp ingestel is nie, voer Calvin aan dat ampswerk anders ingerig sal word ten einde weer effektief te wees. Vir die nuwe inrigting van die amp bly die Skrif volgens Calvin egter steeds die norm.

Op grond van hierdie gedagtes van Calvin kan daar dus ‘n kontinuïteit aangetoon word tussen Calvin se verstaan van die amp en Jesus se oproep tot dissipelskap. Hierdie kontinuïteit is geleë in

diensbaarheid. Vir Jesus was dit nie 'n amptelike posisie wat mense moes beklee om uiting te gee aan sy oproep tot dissipelskap nie, maar eerder diensbaarheid teenoor God en medemens. Volgens Calvin mag die amp nie verstar tot 'n posisie nie, maar bly dit funksioneel en kontekstueel in die opsig dat dit diensbaarheid toon teenoor God en medemens.

As gevolg van hierdie kontinuïteit is Calvin se ampsbegrip van waarde wanneer gedink word hoe ampswerk in die kerk ingerig word vandag.

- Van Ruler se siening van die amp sluit aan by diè Calvin deurdat Van Ruler ook daarvan oortuig is dat die weselike van die amp nie die amp opsigself is nie, maar eerder daar waar die ampswerk op grond van diensbaarheid gestalte vind.

In ooreenstemming met Jesus se oproep tot dissipelskap toon Noordmans aan dat daar in ampswerk geen plek is vir mag, eer of aansien nie. Hierdie gedagte van Noordmans word bevestig in sy stelling dat Calvin met sy herinstelling van die ouderlingamp die pous in skaakmat geplaas het. Die weselike van die ouderlingsamp lê vir Noordmans daarin dat die ouderling die skakel vorm tussen die kerk en die huisgesin. Dit is volgens Noordmans die taak van die ouderling om die heil in Christus wat Sondae tydens die erediens aan die gemeente verkondig word, gedurende die week aan hulle te bring wanneer hy daar besoek aflê.

Vir Noordmans en Van Ruler lê die weselike van die ampsbegrip in die funksionaliteit daarvan en die dinamiese dienswerk wat gedoen word. Dit gaan dus nie oor 'n amptelike posisie nie. Op grond hiervan en ook die feit dat daar volgens Noordmans nie plek is vir mag en aansien nie, lê ook die wese van hulle ampsbegrip na my mening in kontinuïteit met die Jesussaak.

- Dit is van uiterste belang dat die Kerk ook Jesus se oproep tot dissipelskap in ag neem wanneer hy sy ampsbegrip formuleer. In die bevestigingsformulier vir ampsdraers word verwys na die *charismata* in die Pauliniese kerk en die inrigting van die kerk in die deuteropauliniese en Pastoraal briewe. Omdat die grondslag van ampswerk lê in



diensbaarheid, soos verwoord in Jesus se oproep tot dissipelskap, is dit nodig dat die Kerk dit deel sal maak van sy ampsbegrip.

- Dit is belangrik dat die institusionalisering van *charisma* plaasvind binne 'n bepaalde struktuur. Ampswerk kry gestalte binne hierdie struktuur. Die gevaar bestaan dat hierdie strukture verander in kulturele konstrukte en verhef word tot iets wat dit nie moet wees nie. Dan loop die Kerk die gevaar om die strukture in stand te hou ten koste van ampswerk. As dit vir gemeentes nie meer moontlik is om in elke wyk 'n ouderling en diaken te hê nie, gebeur dit soms dat lidmate tot ampsdraers verkies word slegs om hierdie vakatures op die kerkraad te vul. Kerkrade sit dan met ampsdraers wat nie hulle ampswerk na behore verrig nie en die situasie net verder bemoeilik. In gevalle soos hierdie kan die struktuur van hoe die gemeente se kerkraad ingerig is eerder aangepas word ten einde die dienswerk in die gemeente meer effektief te maak. 'n Voorbeeld wat genoem kan word is dat elke wyk in die gemeente 'n ouderling het wat huisbesoek aflê by lidmate. Offergawes word by wyse van debietorders ingesamel of lidmate kan dit kerk toe bring. Diakens kan gebruik word om die offergawes te gaan haal by die lidmate wat hulle offergawes steeds vir die diaken in die hand wil gee tydens huisbesoek. Lidmate wat hulle offergawes op 'n ander manier gee word nie maandeliks deur 'n diaken besoek nie. 'n Diakonale Dienskomitee, wat bestaan uit diakens, funksioneer in die gemeente en hulle is daarop ingestel om barmhartigheidswerk te doen. Op hierdie wyse word ouderling- en diakenswerk steeds in die gemeente gedoen binne 'n nuwe struktuur en is die dienswerk wat verrig word effektief.

God gee deur sy Gees aan mense *charismata*. Hierdie *charismata* word geïnstusionaliseer ten einde gehoorsaam aan Jesus se oproep tot dissipelskap diensbaar te wees in die kerk. Werklike dienswerk lê dus in die gehoorsame antwoord op Jesus se oproep: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg...”.